**Datum: 06/04/2020 - 10/04/2020**

**BEGRIP**

**Lees die onderstande storie en beantwoord die vrae wat volg.**

*PS- EK is lief vir jou!*

'n Ou man koop op 'n dag vir hom 'n koppie tee en 'n *PS- Ek is lief vir jou sjokolade* by 'n kafee. Hy gaan sit in die verste hoek van die kafee. Tot sy onsteltenis sien hy dat 'n slordige jong dame in die oop sitplek langsaan hom kom sit. Haar hare is lank en vuil en haar verslete denimbroek en T-hemp lyk glad nie te mooi nie.

Die ou man vererg hom vir die slordige vrou en mompel iets oor die jeug van vandag. Ingedagte roer hy sy tee, tel die sjokolade op en maak dit oop. Hy breek dit in twee stafies. Daarna breek hy een van die stafies in twee kleiner stukkies en sit die een stukkie in sy mond.

Die ou man is egter verbaas om te sien hoe die jong dame die ander stukkie vat en eet. Die ou man kan nie sy oë glo nie. Hy besluit om te maak asof niks gebeur het nie, en gaan voort om die orige stafie in twee te breek. En weer vat die jong dame vir haar die oorblywende stukkie.

Die ou man kan net die jong dame woedend aankyk. Vererg drink hy sy tee. Net voor hy loop, besluit hy om die 'smeerlap' terug te betaal. Woedend staan hy op en gryp die kaastoebroodjie wat voor haar lê. Hy neem 'n groot hap en sit dit weer neer op haar bord. Flink stap hy by die kafee uit.

Op die sypaadjie vertel hy die storie vir sy vrou. Hy begin kla oor die jeug van deesdae wat ongemanierd en gulsig is. Boonop, het hulle geen benul van netheid nie. Hy begin in sy broeksak vir sy motorsleutels vroetel. Saam met die motorsleutels en 'n klomp kleingeld kom die *PS- Ek is lief vir jou sjokolade* uit. In sy broeksak was die sjokolade wat hy in die kafee gekoop het, nog daar al die tyd!

*(Verwerk)*

**B. Leer die woorde in die tabel.**

| *Woord* | *Betekenis* | *Woord* | *Betekenis* |
|---|---|---|---|
| sjokolade | | stafie | |
| onsteltenis | | oorblywende | |
| slordige | | woedend | |
| verslete | | hap | |
| vererg | | flink | |

**Vrae:**

1. Waar speel die storie af?
2. Wie is die hoofkarakters?
3. ‘n Smeerlap is ‘n…
   a) netjiese persoon
   b) ‘n deftige persoon
   c) ‘n vuil persoon
   d) ‘n pragtige persoon
4. Beskryf in een sin hoe die jong dame gelyk het.
5. Hoekom, dink jy, het die man in die vertse hoek van die kafee gaan sit?
6. Hoekom dink jy, was die ou man kwaad van die dame?
7. Haal ‘n sinoniem uit die stuk vir “kwaad”.
8. Die ou man sê dat die jeug gulsig en ongemanierd is. Watter ander klagte *(complaints)* het die ou man teen die jeug gehad?
9. Hoe dink jy, het die ou man gevoel toe hy sy eie *P.S Ek is lief vir jou sjokolade* in sy broeksak gevind het?
10. Watter les leer hierdie storie vir ons?

---

**TAAL**

**Bestudeer die onderstande taal reëls en voltooi die voorbeelde wat volg.**

**Verlede Tyd (Past Tense)**

1. het + ge

- The verb is replaced by **het**
- The verb goes to the end of the sentence and **ge** is added to the verb (in most cases).

2. is → was

3. het………. → gehad

4. The following are **hulpwerkwoorde** (helping verbs). If there is a helping verb + a verb, the helping verb changes. No other changes to the word order takes place.

   *bv. Die kinders **moet** werk.* *Die kinders **moes** werk.*

- moet → moes
- kan → kon
- wil → wou
- sal → sou

5. Helping verbs: **gaan** (go)**, laat** (let)**, kom** (come)**, begin** (begin)**, probeer** (try)

   - The helping verb is replaced by **het.**
   - The helping verb goes to the end of the sentence just before the main verb.
   - The helping verb and the main verb **DO NOT** have a **ge.**

   *bv. Ek **gaan** in die dam **swem.*** *Ek **het** in die dam **gaan swem.***

6. **Skeibare Werkwoorde** (skei means to separate)

   If there is a verb + preposition it becomes **one word.** A **ge** is written in between the verb and preposition.

   **tel** (count) is the verb.

   **op** is the preposition.

   *bv. Ek **tel** die boek **op.*** *Ek **het** die boek **opgetel.***

---

**Voorbeelde:**

1. Die ou man koop 'n koppie tee.
2. Die jong dame is baie slordig.
3. Die ou man het 'n sjokolade.
4. Die man moet sy tee drink.
5. Die ou man wil vir sy motorsleutels vroetel *(fidget).*
6. Hy wil 'n groot hap neem.
7. Die jong dame sal in die oop sitplek sit.
8. Die kelnir skakel die lig aan.

---

**<u>Byvoeglike Naamwoorde/Adjektiewe (Adjectives)</u>**

'n Adjektief kan **voor of na** 'n naamwoord staan. *An adjective can appear **before or after** a noun.*

If an adjective is written:

**NA (after)** - the adjective remains the same.

**VOOR (before)** - the adjective changes in most cases, eg. an **e** is added to the adjective.

bv. vinnig - vinnig**e**

---

**Voorbeelde:**

1. Die jong dame is **slordig.** Sy is 'n ____________________ dame.
2. Die toebroodjie is **heerlik.** Dis 'n ____________________ toebroodjie.
3. Die koppie tee was **koud.** Die was 'n _________________ koppie tee.
4. Die man was **oud.** Hy was 'n _________________________ man.
5. Die dame is **jonk.** Sy is 'n ___________________________ dame.
6. Die sjokolade is klein. Dis 'n ________________________ sjokolade.